Sanlam
Werknemervoordele

ENDOSSEMENT NO. 20

by die

GADEVERSEKERINGSPOLIS

aangegaan deur

DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

(Polisnommer 12650048x7)

Die bepalings van die Polis word met ingang van 1 Maart 2014 vervang deur die bepalings in hierdie dokument vervat.

Sanlam Lewensversekering Beperk (Registrasienr. 1998/021121/06) moet ooreenkomstig hierdie Polis (waarin die aangehegte Bylaes ingelyf is) versekering bied op die lewens van die KWALIFISERENDE GADES van die WERKNEMERS van bepaalde WERKGEWERS, mits die WERKGEWERS hul verpligtinge kragtens die Polis nakom. Hierdie Polis word aan die WERKGEWER uitgereik tot voordeel van die persone wat op voordele kragtens die Polis geregtig is.

Onderteken namens Sanlam Lewensversekering Beperk te Bellville op 29 Januarie 2014.

.....

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

BYLAE 1. WOORDOMSKRYWINGS 1

BYLAE 2. VERSEKERDES 5

2.1 Versekerde 5

2.2 Beëindiging van versekering op die KWALIFISERENDE GADE se lewe 6

BYLAE 3. STERFTEVOORDEEL OP GADE SE LEWE 7

3.1 Voordeel 7

3.2 Betaling van voordeel 7

3.3 Kennisgewing van 'n eis 7

3.4 Bewys van goeie gesondheid 7

3.5 Algemene uitsluitings 11

3.6 Aanvang van SANLAM se aanspreeklikheid 11

BYLAE 4. AFWESIGHEID UIT DIENS 12

4.1 Afwesigheid met die WERKGEWER se toestemming 12

4.2 Afwesigheid sonder die WERKGEWER se toestemming 12

4.3 WERKNEMER wat 'n voortgesette inkomstevoordeel ontvang 12

BYLAE 5. PREMIES 14

5.1 Maandelikse premies 14

5.2 Respytdae 15

BYLAE 6. DIVERSE BEPALINGS 16

6.1 Aftrekkings van voordele 16

6.2 Onopgeëiste voordele 16

6.3 Geldeenheid 17

6.4 Voorsiening van gegewens 17

6.5 Bewys van eise 18

6.6 Sedering 18

6.7 Vrywaring 18

6.8 Wysigings van die Polis 18

6.9 Owerheidsmaatreëls 19

6.10 Kennisgewings deur of aan die partye 19

6.11 Toetrede van deelnemende werkgewers 19

6.12 Kansellering en beëindiging van die Polis 19

6.13 Rente op laat betalings 20

6.14 Gebiedsbeperkings 20

BYLAE 1. WOORDOMSKRYWINGS

In hierdie Polis, tensy die samehang anders aandui,

- het die enkelvoud ook op die meervoud betrekking, en omgekeerd; en
- het die volgende woorde die betekenisse wat daarteenoor verstrek word.

BEGINDATUM beteken 1 April 1992.

BESOLDIGINGSBEDRAG met betrekking tot enige WERKNEMER beteken sy/haar "Maksimum jaarlikse salaris plus diensbonus volgens Sinode Skaal" soos vasgestel deur Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika op elke POLISVERJAARDAG vir die daaropvolgende jaar en aldus aan SANLAM bekend gemaak.

FONDS beteken –

(a) Die Regeringswerknemerspensioenfonds in die geval van 'n KAPELAAN; en

(b) Predikante Pensioenfonds van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika in die geval van enige ander WERKNEMER.

HUWELIK beteken -

(a) 'n huwelik of verbintenis ingevolge die Huwelikswet, 1961, die Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike, 1998, of die "Civil Union Act", 2006, of die leerstellinge van 'n godsdiens; of

(b) 'n verbintenis waar twee persone saamwoon asof getroud, met die onderneming om aldus permanent saam te woon, mits -

- hulle reeds vir ten minste ses MAANDE so saamgewoon het; en
- hulle suksesvol skriftelik, voor die dood van enige van die twee partye, in die formaat soos van tyd tot tyd deur die WERKGEWER voorgeskryf, by die WERKGEWER aansoek gedoen het dat hul verbintenis by die WERKGEWER geregistreer word; en
- een of beide van hulle nie met 'n ander persoon in 'n huwelik of verbintenis soos in paragraaf (a) hierbo beoog verbind is nie.

KAPELAAN beteken 'n leraar in 'n amptelike pos in die diens van die Suid-Afrikaanse Weermag, Suid-Afrikaanse Polisie of die Suid-Afrikaanse Gevangenisdiens of 'n kapelaan wat reeds geëmeriteer is.

KERK beteken Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

KWALIFISERENDE GADE met betrekking tot 'n WERKNEMER beteken die persoon met wie hy/sy in die HUWELIK verbind is, mits sodanige persoon op die datum waarop hy/sy vir die versekering kwalifiseer, reeds die ouderdom van 15 jaar bereik het. Indien 'n WERKNEMER met twee of meer persone in die HUWELIK verbind is, beteken KWALIFISERENDE GADE -

(a) slegs die een van hulle wat die WERKNEMER benoem het in 'n skriftelike dokument wat gedurende die persoon se lewe by die WERKGEWER ingedien is; of

(b) indien die WERKGEWER vir SANLAM in kennis stel dat die WERKNEMER nie slegs een van hulle kragtens paragraaf (a) benoem het nie, slegs die een met wie hy/sy eerste in die HUWELIK verbind is.

Nadat 'n persoon eenmaal kragtens paragraaf (a) benoem is, bly dit van krag solank die WERKNEMER met die betrokke gade in die HUWELIK verbind is.

'n KWALIFISERENDE GADE wat verbind is in 'n verbintenis waarna in paragraaf (b) van die woordomskrywing van HUWELIK verwys word, moet kragtens klousule 3.4(4) bewys van goeie gesondheid tot tevredenheid van SANLAM lewer om te kwalifiseer vir die gadeversekering kragtens Bylae 3.

Nieteenstaande enige ander bepaling tot die teendeel in die Polis, is die voorwaarde in bogenoemde paragraaf nie van toepassing nie op 'n KWALIFISERENDE GADE wat onmiddellik voor die 1 Junie 2012 verseker was kragtens versekering wat deur die gadeversekering wat kragtens hierdie Polis voorsien word, vervang is.

LERAAR beteken 'n persoon wat as leraar georden is en in 'n amptelike pos as leraar van 'n gemeente staan of 'n leraar wat reeds geëmeriteer is.

MAAND beteken enige van die twaalf tydperke waarin 'n jaar verdeel word.

NG KERK-FAMILIE beteken Die Ned. Geref. Kerk in Kwazulu-Natal, die Ned. Geref. Kerk in Oos-Kaapland en die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland en dié wat later tot die FONDS toegelaat mag word.

NORMALE AFTREEDATUM met betrekking tot enige WERKNEMER beteken die laaste dag van die MAAND waarin hy/sy die NORMALE AFTREE-OUDERDOM bereik.

NORMALE AFTREE-OUDERDOM beteken die ouderdom van –

(a) 60 jaar in die geval van 'n VERSEKERDE wat 'n maandelikse inkomste ontvang ingevolge die voortgesette inkomsteversekering (wat nie die vervroegde

uitbetaling van 'n sterftevoordeel behels nie) wat die WERKGEWER tot voordeel van sy WERKNEMERS aangegaan het; en

(b) 65 jaar in die geval van enige ander VERSEKERDE.

PENSIOENARIS vir doeleindes van die Polis beteken –

(a) 'n persoon wat op VROEË AFTREDE is; of

(b) 'n persoon wie se pos deur die WERKGEWER afgeskaf is.

POLISVERJAARDAG beteken die eerste dag van Maart van elke jaar.

PROPONENT beteken 'n persoon wat sy studies voltooi het, wat gelegitimeer is maar wat nog nie as LERAAR in 'n gemeente georden is nie.

REËLS beteken die Reëls van die FONDS.

SANLAM beteken Sanlam Lewensversekering Beperk.

TERMYNKONTRAK-LERAAR beteken 'n persoon wat in die diens van die WERKGEWER is op 'n vaste termynkontrak van ten minste een jaar of langer.

VERBRUIKERSPRYSINDEKS beteken die "verbruikersprysindeks vir alle stedelike gebiede" soos van tyd tot tyd deur Statistiek Suid-Afrika verskaf.

VROEË AFTREDE beteken om voor die NORMALE AFTREEDATUM uit die diens van die WERKGEWER te tree en dan 'n pensioen uit die Predikante Pensioenfonds van die Ned. Geref. Kerk in SA te ontvang.

WERKGEWER beteken die KERK, die Deelhebber liggame soos omskryf in Artikel 2 van die REËLS en elke filiaal van die WERKGEWER wat met die toestemming van die FONDS en SANLAM aan die Polis deelneem.

Met betrekking tot 'n VERSEKERDE beteken WERKGEWER daardie WERKGEWER in wie se diens die VERSEKERDE tans is of laaste was.

WERKNEMER beteken –

(a) 'n LERAAR, 'n PROPONENT of 'n TERMYNKONTRAK-LERAAR in die diens van die WERKGEWER en 'n lid van die Predikante Pensioenfonds van die Ned. Geref. Kerk in SA;

(b) 'n LERAAR in die diens van die werkgewer en wat 'n lid is van die Pensioenfonds vir NG Predikante in Namibië.

'n KAPELAAN en 'n PENSIOENARIS word nie as 'n WERKNEMER beskou vir doeleindes van die Polis nie.

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE beteken die Wet op Arbeidsverhoudinge (Wet No. 66 van 1995), soos gewysig, en die regulasies wat ingevolge daarvan uitgevaardig is, of enige vervangende statutêre maatreëls.

BYLAE 2. VERSEKERDES

2.1 Versekerde

2.1(1) Onderworpe aan die volgende bepalings, word die lewe van die KWALIFISERENDE GADE van 'n WERKNEMER kragtens die Polis verseker mits die WERKNEMER getroud is of sodra die WERKNEMER trou, na gelang van die geval.

2.1(2) 'n WERKNEMER wat voor die BEGINDATUM by die WERKGEWER in diens getree het en daarna ononderbroke in diens van die WERKGEWER was, en wat -

(a) op die BEGINDATUM in die HUWELIK verbind is; of

(b) na die BEGINDATUM in die HUWELIK tree,

kan kies of hy/sy sy/haar KWALIFISERENDE GADE kragtens hierdie Polis wil verseker, deur skriftelik daarvoor aansoek te doen. Indien sodanige skriftelike aansoek nie binne drie MAANDE na die BEGINDATUM of na sy/haar huweliksdatum, na gelang van die geval, deur die WERKGEWER ontvang word nie, sal sy/haar KWALIFISERENDE GADE nie kragtens die Polis verseker word nie, tensy sy/haar KWALIFISERENDE GADE op eie koste bewys van goeie gesondheid tot tevredenheid van SANLAM lewer.

2.1(3) Die versekering op die lewe van die KWALIFISERENDE GADE van 'n WERKNEMER wat kragtens die voorgaande subklousule 'n keuse uitgeoefen het, begin op die eerste van die MAAND wat volg op die datum waarop die skriftelike aansoek deur SANLAM ontvang word, tensy SANLAM en die WERKGEWER in die geval van 'n bepaalde WERKNEMER anders ooreenkom. Die versekering in verband waarmee bewys van goeie gesondheid tot tevredenheid van SANLAM gelewer is, sal nie begin voor die datum waarop SANLAM die laaste inligting ontvang het met inagneming waarvan die versekerbaarheid van die KWALIFISERENDE GADE oorweeg is nie.

2.1(4) Die lewe van die KWALIFISERENDE GADE van 'n WERKNEMER wat op of na die BEGINDATUM by die WERKGEWER in diens tree, word outomaties en sonder enige spesifieke aansoek kragtens hierdie Polis verseker vanaf die datum waarop die WERKNEMER in diens getree het. Die versekering op die lewe van 'n KWALIIFISERENDE GADE wat verbind is in 'n verbintenis waarna in paragraaf (b) van die woordomskrywing van HUWELIK verwys word, is egter onderworpe aan die bepalings van klousule 3.4(4).

2.1(5) Die vereistes in die voorgaande subklousule bedoel, moet deur die WERKGEWER as 'n voorwaarde van indiensneming van sy WERKNEMERS gestel word.

2.1(6) Indien versekering op die lewe van die KWALIFISERENDE GADE van 'n WERKNEMER verval omdat die WERKNEMER uit diens tree of ongetroud raak en so 'n WERKNEMER weer in diens tree of trou, is sy/haar KWALIFISERENDE GADE outomaties en sonder enige spesifieke aansoek onmiddellik weer vanaf die betrokke datum kragtens hierdie bepalings verseker. Die versekering op die lewe van 'n KWALIFISERENDE GADE wat verbind is in 'n verbintenis waarna in paragraaf (b) van die woordomskrywing van HUWELIK verwys word, is egter onderworpe aan die bepalings van klousule 3.4(4).

2.1(7) Indien 'n KWALIFISERENDE GADE reeds 70 jaar oud is, kan die KWALIFISERENDE GADE se lewe, ondanks enige strydige bepaling, nie kragtens die Polis verseker word nie.

2.2 Beëindiging van versekering op die KWALIFISERENDE GADE se lewe

Versekering op die lewe van die KWALIFISERENDE GADE van 'n WERKNEMER verval -

(a) by die KWALIFISERENDE GADE se dood; of

(b) 24 uur na die WERKNEMER se dood; of

(c) sodra die WERKNEMER ophou om 'n WERKNEMER te wees vir redes anders as sy/haar dood onderhewig aan (b); of

(d) sodra die WERKNEMER se vaste termynkontrak met die WERKGEWER beëindig, in die geval van 'n TERMYNKONTRAK-LERAAR.

(e) sodra die KWALIFISERENDE GADE 70 jaar oud word; of

(f) by kansellering van die versekering ingevolge die bepalings van die Polis; of

(g) indien die WERKGEWER ophou om besigheid te doen,

watter gebeurtenis ook al eerste plaasvind.

BYLAE 3. STERFTEVOORDEEL OP GADE SE LEWE

3.1 Voordeel

3.1(1) Indien die KWALIFISERENDE GADE van 'n WERKNEMER sterf voor bereiking van ouderdom 70 jaar en voor of op die WERKNEMER se NORMALE AFTREEDATUM, is 'n bedrag gelyk aan R250 000 betaalbaar, tensy hierdie voordeel verminder is kragtens die vereistes vir bewys van goeie gesondheid soos hieronder uiteengesit.

see endorsement 21

3.1(2) Indien die KWALIFISERENDE GADE van 'n WERKNEMER sterf voor bereiking van ouderdom 70 jaar en na die WERKNEMER se NORMALE AFTREEDATUM, maar voordat die WERKNEMER die ouderdom van 70 jaar bereik, word die sterftevoordeel betaal wat kragtens sub-klousule (1) betaal sou word asof daardie voordeel ook ná die NORMALE AFTREEDATUM van toepassing is.

3.2 Betaling van voordeel

Nieteenstaande enige strydige bepaling in die Polis, moet SANLAM die voordele wat kragtens hierdie Bylae betaalbaar is aan die WERKNEMER betaal en in die geval van 'n gestorwe WERKNEMER, in die betrokke WERKNEMER se boedel stort.

3.3 Kennisgewing van 'n eis

Geen voordeel word kragtens hierdie Bylae betaal nie indien SANLAM nie binne ses MAANDE na die KWALIFISERENDE GADE se dood skriftelik van die eis om die voordeel in kennis gestel word nie.

3.4 Bewys van goeie gesondheid

3.4(1) In hierdie Bylae het die volgende woorde die betekenisse wat daarteenoor verstrek word -

BEWYSVRYE LIMIET beteken daardie gedeelte van die VOORDEELAANSPRAAK in verband waarmee bewys van goeie gesondheid nie gelewer hoef te word nie, soos van tyd tot tyd deur SANLAM neergelê en skriftelik aan die WERKGEWER meegedeel.

VOORDEELAANSPRAAK met betrekking tot 'n KWALIFISERENDE GADE beteken die voordeel wat kragtens hierdie Bylae in verband met hom/haar deur SANLAM voorsien sou word as dit nie was vir die bepalings van hierdie Bylae betreffende bewys van goeie gesondheid nie.

3.4(2) Die versekering in hierdie Bylae in verband met 'n KWALIFISERENDE GADE is beperk tot die BEWYSVRYE LIMIET, tensy bewys van goeie gesondheid tot tevredenheid van SANLAM in verband met daardie deel van sy/haar VOORDEELAANSPRAAK wat die BEWYSVRYE LIMIET oorskry aan SANLAM

gelewer word op die wyse wat SANLAM van tyd tot tyd neerlê. Maar die versekering is nie in die volgende gevalle tot die BEWYSVRYE LIMIET beperk nie-

(a) vir die eerste drie MAANDE nadat die versekering kragtens hierdie Bylae op die KWALIFISERENDE GADE van toepassing geword het; en

(b) vir die eerste drie MAANDE na 'n verhoging in die KWALIFISERENDE GADE se VOORDEELAANSPRAAK indien die BEWYSVRYE LIMIET vir die eerste maal as gevolg van die verhoging oorskry word,

met dien verstande dat-

- die voordeel wat voorsien word in die drie MAANDE waarna in paragrawe (a) en (b) hierbo verwys word nie bedrae wat SANLAM van tyd tot tyd bepaal mag oorskry nie; en
- paragraaf (a) nie van toepassing is nie indien die versekering wat kragtens hierdie Bylae voorsien word ander versekering waarkragtens die KWALIFISERENDE GADE verseker was, vervang; en
- indien die KWALIFISERENDE GADE sterf binne die drie MAANDE waarna in paragrawe (a) en (b) hierbo verwys word, en SANLAM oortuig is dat die oorsaak van dood verband hou met 'n siekte of 'n besering wat voorgekom het binne die ses MAANDE onmiddellik voor die tydperk van drie MAANDE, word die voordeel kragtens hierdie Bylae beperk tot die BEWYSVRYE LIMIET; en
- die voordeel kragtens hierdie Bylae beperk word tot die BEWYSVRYE LIMIET indien die dood van die KWALIFISERENDE GADE direk of indirek veroorsaak is deur of nagespeur kan word tot selfmoord of 'n poging tot selfmoord wat voorgekom het binne die drie MAANDE waarna in paragrawe (a) en (b) hierbo verwys word; en
- indien die KWALIFISERENDE GADE binne die drie MAANDE waarna in paragrawe (a) en (b) hierbo verwys word bewys van goeie gesondheid tot tevredenheid van SANLAM lewer, sal die versekering waarop skriftelik deur die WERKGEWER en SANLAM ooreengekom word van toepassing wees op die KWALIFISERENDE GADE vanaf die tydstip waarop dit op skrif gestel word.

Die WERKGEWER moet SANLAM skriftelik in kennis stel sodra 'n KWALIFISERENDE GADE se VOORDEELAANSPRAAK die BEWYSVRYE LIMIET oorskry.

SANLAM sal slegs bewys van goeie gesondheid ten opsigte van 'n KWALIFISERENDE GADE versoek wanneer hy skriftelik deur die WERKGEWER in

kennis gestel word dat die KWALIFISERENDE GADE se VOORDEELAANSPRAAK die BEWYSVRYE LIMIET oorskry het.

SANLAM sal nie aanspreeklik wees vir enige eis ten opsigte van enige bedrag wat die BEWYSVRYE LIMIET oorskry nie indien die WERKGEWER nie vir SANLAM skriftelik in kennis gestel het dat die KWALIFISERENDE GADE se VOORDEELAANSPRAAK die BEWYSVRYE LIMIET oorskry het nie en ten opsigte van wie bewys van goeie gesondheid tot die tevredenheid van SANLAM nie aan SANLAM gelewer is nie op die wyse wat SANLAM van tyd tot tyd neerlê.

3.4(3) Die KWALIFISERENDE GADE van 'n WERKNEMER wat 'n keuse het om sy/haar KWALIFISERENDE GADE kragtens hierdie Bylae te verseker en versuim om binne drie MAANDE nadat hy/sy daarop geregtig geword het, verseker te word, se lewe word nie kragtens hierdie Bylae verseker nie, tensy bewys van goeie gesondheid tot tevredenheid van SANLAM ten opsigte van die KWALIFISERENDE GADE aan SANLAM gelewer word op die wyse wat SANLAM van tyd tot tyd neerlê. Sodanige bewys moet op die koste van so 'n WERKNEMER gelewer word.

Die WERKGEWER moet SANLAM skriftelik in kennis stel van enige persoon wat versoek het om sy/haar KWALIFISERENDE GADE kragtens hierdie Bylae te verseker meer as drie MAANDE nadat hy/sy daarop geregtig geword het.

SANLAM sal slegs bewys van goeie gesondheid ten opsigte van sodanige persoon se KWALIFISERENDE GADE versoek wanneer hy skriftelik deur die WERKGEWER in kennis gestel word van sodanige persoon se versoek om sy/haar KWALIFISERENDE GADE kragtens hierdie Bylae te verseker.

SANLAM sal nie aanspreeklik wees vir enige eis ten opsigte van sodanige persoon se KWALIFISERENDE GADE nie indien die WERKGEWER nie vir SANLAM skriftelik in kennis gestel het van sodanige persoon se versoek om sy/haar KWALIFISERENDE GADE kragtens hierdie Bylae te verseker nie en ten opsigte van wie bewys van goeie gesondheid tot die tevredenheid van SANLAM nie aan SANLAM gelewer is nie op die wyse wat SANLAM van tyd tot tyd neerlê.

3.4(4) Geen voordeel word kragtens hierdie Bylae in verband met 'n KWALIFISERENDE GADE voorsien wat verbind is in 'n verbintenis waarna in paragraaf (b) van die woordomskrywing van HUWELIK verwys word, tensy bewys van goeie gesondheid tot tevredenheid van SANLAM deur die KWALIFISERENDE GADE aan SANLAM gelewer word op die wyse wat SANLAM van tyd tot tyd neerlê. Sodanige bewys moet op die koste van SANLAM gelewer word.

Die WERKGEWER moet SANLAM skriftelik in kennis stel van enige WERKNEMER wat sodanige KWALIFISERENDE GADE wil verseker.

SANLAM sal slegs bewys van goeie gesondheid ten opsigte van sodanige KWALIFISERENDE GADE versoek wanneer hy skriftelik deur die WERKGEWER in kennis gestel word van die WERKNEMER se versoek om sodanige KWALIFISERENDE GADE te verseker.

SANLAM sal nie aanspreeklik wees vir enige eis ten opsigte van sodanige KWALIFISERENDE GADE nie indien die WERKGEWER nie vir SANLAM skriftelik in kennis gestel het van die WERKNEMER se versoek om sodanige KWALIFISERENDE GADE te verseker nie en ten opsigte van wie bewys van goeie gesondheid tot die tevredenheid van SANLAM nie aan SANLAM gelewer is nie op die wyse wat SANLAM van tyd tot tyd neerlê.

3.4(5) Nadat bewys van goeie gesondheid eenmaal tot tevredenheid van SANLAM vir daardie deel van 'n KWALIFISERENDE GADE se versekering wat die BEWYSVRYE LIMIET te bowe gaan aan SANLAM gelewer is op die wyse wat SANLAM van tyd tot tyd neerlê, is latere verhogings in die KWALIFISERENDE GADE se VOORDEELAANSPRAAK, in die volgende omstandighede, slegs van toepassing indien verdere bewys van goeie gesondheid tot SANLAM se tevredenheid gelewer is:

(a) indien sekere tydperke wat SANLAM van tyd tot tyd bepaal verstryk het; of

(b) indien die KWALIFISERENDE GADE 'n sekere ouderdom wat SANLAM van tyd tot tyd bepaal bereik; of

(c) indien die sterftevoordeel bedrae oorskry wat SANLAM van tyd tot tyd bepaal.

3.4(6) In sy besluit op mediese gronde dat die bewys van goeie gesondheid wat in 'n bepaalde geval kragtens die voorgaande subklousules gelewer is tot sy tevredenheid is, mag SANLAM -

(a) 'n bykomende premie (buite en behalwe sy premietarief vir standaardlewens) hef vir die versekering van daardie deel van die voordele waarvoor die bewys gelewer is en toekomstige verhogings in die voordele; of

(b) bepaal dat die voordele soos bedoel in paragraaf (a) nie van toepassing sal wees in die geval van oorsake van dood soos deur SANLAM neergelê nie,

met dien verstande dat die bedoelde deel van die voordele (met inbegrip van die verhogings) slegs van toepassing is indien en nadat die WERKGEWER en SANLAM skriftelik daartoe ooreengekom het, en dan ook nie in die geval van oorsake van dood soos deur SANLAM neergelê nie.

3.4(7) Indien SANLAM die BEWYSVRYE LIMIET op 'n bepaalde tydstip verlaag, word die versekering wat voor so 'n verlaging ten opsigte van 'n bestaande KWALIFISERENDE GADE gegeld het, nie as gevolg daarvan verlaag nie, mits die voordeel ononderbroke ten opsigte van die KWALIFISERENDE GADE van toepassing bly.

3.4(8) Indien die versekering in hierdie Bylae tydelik opgehou het om in verband met 'n KWALIFISERENDE GADE te geld, word bewys van goeie gesondheid wat voor sodanige beëindiging in verband met die KWALIFISERENDE GADE gelewer is, vir die doeleindes van die voorafgaande subklousules geag nietig te wees.

3.5 Algemene uitsluitings

Nieteenstaande enige ander bepaling tot die teendeel in die Polis, word geen voordeel kragtens hierdie Bylae betaal nie indien die KWALIFISERENDE GADE se dood -

(a) 'n direkte of indirekte gevolg is van aktiewe deelname aan oorlog, inval, dade van buitelandse vyande, vyandelikhede, krygsverwante verrigtinge (hetsy oorlog verklaar is of nie), burgeroorlog, rebellie, revolusie, opstand, burgerlike oproer wat die afmetings van 'n opstand aanneem of daarop neerkom, militêre of wederegtelik toegeëiende mag;

(b) 'n direkte of indirekte gevolg is van -

(i) die gebruik van kern-, biologiese of chemiese wapens, of enige radio-aktiewe kontaminasie; of

(ii) aanvalle op of sabotasie van fasiliteite (insluitend, maar nie beperk nie tot, kernkraginstallasies, reprosesseringsinstallasies, finale bewaringsterreine en navorsingsreaktors) en opslagplekke, wat lei tot die vrystelling van radio-aktiwiteit of kern-, biologiese of chemiese oorlogvoeringsagense,

ongeag of enige van die voornoemde bewerkstellig is met die spesifieke gebruik van inligtingstegnologie.

3.6 Aanvang van SANLAM se aanspreeklikheid

Geen voordeel word kragtens hierdie Bylae in verband met 'n KWALIFISERENDE GADE voorsien nie indien die WERKNEMER 'n keuse gehad het om aan die versekering deel te neem en die KWALIFISERENDE GADE sterf voordat SANLAM volledige besonderhede aangaande die WERKNEMER en die KWALIFISERENDE GADE ontvang het.

BYLAE 4. AFWESIGHEID UIT DIENS

4.1 Afwesigheid met die WERKGEWER se toestemming

Indien 'n WERKNEMER afwesig van diens van die WERKGEWER is met die WERKGEWER se toestemming, word die versekering op sy/haar KWALIFISERENDE GADE se lewe kragtens hierdie Polis voortgesit asof hy/sy 'n WERKNEMER bly. Die versekering op 'n KWALIFISERENDE GADE se lewe word nie vir langer as twee jaar voortgesit nie. Tydperke van afwesigheid wat onderbreek is deur tydperke van minder as drie MAANDE word bymekaar getel om te bepaal of die tydperk van twee jaar verstryk het of nie.

'n WERKNEMER word geag met die WERKGEWER se toestemming afwesig te wees terwyl hy/sy betrokke is in 'n staking wat kragtens die WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE beskerm is.

4.2 Afwesigheid sonder die WERKGEWER se toestemming

Die versekering op die lewe van 'n KWALIFISERENDE GADE van 'n WERKNEMER kragtens hierdie Polis verval en die WERKNEMER se diens word geag beëindig te wees as die WERKNEMER sonder toestemming afwesig is van die WERKGEWER se diens.

4.3 WERKNEMER wat 'n voortgesette inkomstevoordeel ontvang

4.3(1) Die versekering op die lewe van 'n KWALIFISERENDE GADE van 'n WERKNEMER wat 'n inkomste ontvang ingevolge die voortgesette inkomsteversekering (wat nie die vervroegde uitbetaling van 'n sterftevoordeel behels nie) wat die WERKGEWER tot voordeel van sy WERKNEMERS aangegaan het, word voortgesit tot die vroegste van -

(a) die WERKNEMER se NORMALE AFTREEDATUM; en

(b) die datum waarop betaling van die voortgesette inkomstevoordeel beëindig word; en

(c) die datum waarop die WERKNEMER 65 jaar oud word; en

(d) in verband met enige voordeel wat kragtens hierdie Polis verseker word, die datum waarop die versekering van daardie voordeel gekanselleer word of verval vir die groep waarvan die WERKNEMER 'n lid was onmiddellik voordat hy/sy ongeskik geraak het in die mate wat vereis word vir die voortgesette inkomstevoordeel om betaalbaar te word.

4.3(2) Terwyl die WERKNEMER sodanige ongeskiktheidsvoordeel ontvang, geld die volgende:

(a) Die voordeel wat op die KWALIFISERENDE GADE van toepassing bly, is die voordeel van toepassing kragtens die Polis en word bereken volgens die basis van die Polis voorwaardes wat van toepassing is op die datum waarop SANLAM aanspreeklik raak vir die betaling van sodanige voordeel.

(b) Premies vir die voordele met betrekking tot 'n KWALIFISERENDE GADE kragtens die Polis bly steeds aan SANLAM betaalbaar.

4.3(3) In die voorgaande sub-klousules word die aanvang van 'n WERKNEMER se ongeskiktheid as die begin van enige wagtydperk wat moet verstryk voordat die voortgesette inkomstevoordeel betaalbaar word, geneem.

BYLAE 5. PREMIES

5.1 Maandelikse premies

5.1(1) As teenprestasie vir SANLAM se verpligtinge kragtens die Polis is elke WERKNEMER wie se KWALIFISERENDE GADE kragtens die Polis verseker is aanspreeklik vir 'n maandelikse premie aan SANLAM. Die premies word van tyd tot tyd deur SANLAM neergelê en word deur die WERKGEWER namens die WERKNEMER betaal.

5.1(2) Die WERKGEWER waarborg om die premies vir elke MAAND ten opsigte van al die WERKNEMERS aan die einde van die MAAND ten opsigte waarvan dit betaalbaar is in een bedrag aan SANLAM te betaal.

5.1(3) Indien 'n voordeel of 'n verhoging in 'n voordeel voor die vyftiende dag van 'n MAAND op 'n KWALIFISERENDE GADE van toepassing word, moet vir die betrokke MAAND 'n premie betaal word asof die voordeel of die verhoging, na gelang van die geval, vir die volle MAAND op die KWALIFISERENDE GADE van toepassing was.

5.1(4) Indien 'n voordeel of 'n verhoging in 'n voordeel op of na die vyftiende dag van 'n MAAND op 'n KWALIFISERENDE GADE van toepassing word, word dit vir die bepaling van die premies wat vir daardie MAAND betaal moet word, geag dat die voordeel of die verhoging, na gelang van die geval, daardie hele MAAND nie op die KWALIFISERENDE GADE van toepassing was nie.

5.1(5) Indien 'n voordeel met ingang van die vyftiende of 'n latere dag nie langer op 'n KWALIFISERENDE GADE van toepassing is nie of indien 'n voordeel van toepassing op 'n KWALIFISERENDE GADE met ingang van gemelde tydstip in 'n MAAND verminder, moet vir die betrokke MAAND 'n premie betaal word asof die voordeel of die voordeel voor vermindering daarvan, na gelang van die geval, daardie hele MAAND nog op die KWALIFISERENDE GADE van toepassing was.

5.1(6) Indien 'n voordeel met ingang van die veertiende of 'n vroeëre dag van 'n MAAND nie langer op 'n KWALIFISERENDE GADE van toepassing is nie of indien 'n voordeel van toepassing op 'n KWALIFISERENDE GADE met ingang van gemelde tydstip in 'n MAAND verminder, word dit vir die bepaling van die premies wat vir daardie MAAND betaal moet word, geag dat die voordeel of die deel waarmee die voordeel verminder, na gelang van die geval, daardie hele MAAND nie op die KWALIFISERENDE GADE van toepassing was nie.

5.1(7) Die WERKGEWER en SANLAM mag ooreenkom op 'n wyse van bepaling en betaling van premies wat verskil van dié in die voorgaande sub-klousules aangedui.

5.1(8) Indien enige premie in verband met 'n KWALIFISERENDE GADE nie stiptelik kragtens die Polis betaal word nie, verval SANLAM se verpligting om in verband met daardie KWALIFISERENDE GADE enige betaling te doen of voordeel te verskaf, maar SANLAM mag die verpligtinge wat hy voor die verval in verband met die KWALIFISERENDE GADE gehad het, herstel onderworpe aan die voorwaardes wat hy mag neerlê.

5.2 Respytdae

Vyftien respytdae word vir die betaling van die premies toegestaan.

BYLAE 6. DIVERSE BEPALINGS

6.1 Aftrekkings van voordele

Nieteenstaande enige ander bepaling tot die teendeel in die Polis, mag uitgawes wat deur die WERKGEWER aangegaan is ten opsigte van die volgende van die voordele wat kragtens hierdie Polis betaalbaar is afgetrek word, en aan die WERKGEWER betaal word -

(a) betalings ten opsigte van die begrafniskostes van die KWALIFISERENDE GADE of 'n familielid van die KWALIFISERENDE GADE; en

(b) enige uitgawes wat namens die KWALIFISERENDE GADE of 'n familielid van die KWALIFISERENDE GADE aan 'n derde party betaal is; en

(c) enige voorskotte aan die KWALIFISERENDE GADE of 'n familielid van die KWALIFISERENDE GADE.

Vir doeleindes van hierdie klousule is 'n familielid enige persoon ten opsigte waarvan die WERKGEWER skriftelik aan SANLAM bevestig het dat hy/sy 'n familielid van die KWALIFISERENDE GADE is.

6.2 Onopgeëiste voordele

6.2(1) Vir die doel van hierdie klousule:

BEGUNSTIGDE beteken 'n persoon wat geregtig is op 'n voordeel ten opsigte van 'n eis wat deur SANLAM ingevolge die Polis erken is.

ONOPGEËISTE VOORDEEL beteken 'n voordeel betaalbaar deur SANLAM ten opsigte van 'n eis wat deur SANLAM ingevolge die Polis erken is, maar waar die BEGUNSTIGDE nie opgespoor kan word nie.

6.2(2) Wanneer 'n eis ingevolge die Polis erken is, bly die regte van 'n BEGUNSTIGDE ten opsigte van die betaling van'n ONOPGEËISTE VOORDEEL onbepaald onaangetas.

6.2(3) SANLAM sal alle redelike stappe neem om BEGUNSTIGDES op te spoor soos uiteengesit in die "ASISA Standard on Unclaimed Assets", of enige Standaardkode wat die eersgenoemde Kode vervang.

6.2(4) SANLAM sal rente betaal op 'n ONOPGEËISTE VOORDEEL vanaf die datum waarop alle inligting wat nodig is om die betrokke eis te oorweeg, ontvang is teen 'n koers wat deur SANLAM bepaal word met inagneming van heersende administrasie koste, geldmark rentekoerse en enige ander faktore wat SANLAM as toepaslik mag ag.

6.2(5) 'n ONOPGEËISTE VOORDEEL mag verminder word met die bedrag van alle redelike koste wat deur SANLAM aangegaan is om die BEGUNSTIGDE op te spoor en te identifiseer.

6.2(6) 'n ONOPGEËISTE VOORDEEL mag verminder word met alle fooie wat deur SANLAM gehef word ten opsigte van die administrasie van die ONOPGEËISTE VOORDEEL, met dien verstande dat in die geval waar geen fooie ten opsigte van die administrasie deur SANLAM van 'n ONOPGEËISTE VOORDEEL afgetrek is nie 'n fooi deur SANLAM wel gehef mag word vir die betaling van die ONOPGEËISTE VOORDEEL aan die BEGUNSTIGDE.

6.2(7) Die fooie ten opsigte van die administrasie en betaling van die ONOPGEËISTE VOORDEEL sal deur SANLAM van tyd tot tyd bepaal word en deur SANLAM aan die WERKGEWER gekommunikeer word.

6.2(8) Indien die bedrag van die ONOPGEËISTE VOORDEEL minder is as R1 000 of enige ONOPGEËISTE VOORDEEL se waarde het verminder na minder as R1 000 en die koste van die opsporing van die BEGUNSTIGDE sal die bedrag van die ONOPGEËISTE VOORDEEL oorskry, sal geen stappe of alternatiewelik geen verdere stappe deur SANLAM geneem word om die BEGUNSTIGDE op te spoor nie.

6.2(9) In die geval waar die ONOPGEËISTE VOORDEEL na nul verminder, verstryk SANLAM se aanspreeklikheid ten opsigte van die betaling van die ONOPGEËISTE VOORDEEL outomaties en die BEGUNSTIGDE sal geen verdere eis teen SANLAM hê ten opsigte van die ONOPGEËISTE VOORDEEL nie.

6.3 Geldeenheid

Alle bedrae wat ingevolge die Polis aan of deur die partye betaalbaar is, is in die geldeenheid van die Republiek van Suid-Afrika in die Republiek van Suid-Afrika betaalbaar.

6.4 Voorsiening van gegewens

Die WERKGEWER moet SANLAM op die wyse wat SANLAM bepaal, voorsien van gegewens wat SANLAM in verband met die Polis mag vereis.

SANLAM mag op sodanige gegewens handel sonder verdere navraag en is teenoor niemand aanspreeklik vir enige wanvoorstellings, foute of weglatings wat in sodanige gegewens vervat mag wees nie. Indien dit blyk dat sodanige gegewens foutief is, mag SANLAM in oorleg met die WERKGEWER aanpassings maak in die versekering wat SANLAM kragtens die Polis voorsien en in die basis van berekening van die premie van die versekering. Hierdie aanpassings mag net in die mate gemaak word wat na SANLAM se mening deur die foutiewe gegewens genoodsaak word.

6.5 Bewys van eise

Wanneer 'n eis vir 'n voordeel ontstaan, mag SANLAM bewys tot sy tevredenheid vra aangaande elke omstandigheid wat die erkenning van die eis mag beïnvloed.

6.6 Sedering

Nog die Polis nog enige regte kragtens die Polis of 'n sertifikaat wat SANLAM in verband met die Polis uitgereik het, kan oorgedra of andersins gesedeer of verpand word.

6.7 Vrywaring

SANLAM vrywaar die WERKGEWER teen enige verliese of skade wat mag voortspruit uit nalatigheid, oneerlikheid of bedrog deur enige van SANLAM se direkteure, werknemers of agente. Die WERKGEWER vrywaar ook vir SANLAM teen enige verliese of skade wat mag voortspruit uit nalatigheid, oneerlikheid of bedrog deur enige van die WERKGEWER se direkteure, werknemers of agente.

6.8 Wysigings van die Polis

6.8(1) Behoudens enige bepaling tot die teendeel in die Polis, mag SANLAM te eniger tyd enige bepaling van die Polis wysig, mits SANLAM die KERK ten minste drie MAANDE voor die wysiging in werking tree, skriftelik van die beoogde wysiging in kennis stel.

6.8(2) SANLAM mag nie die Polis wysig nadat die KERK kragtens klousule 6.12(1) kennis van kansellering van die volle Polis gegee het nie.

6.8(3) Indien die versekering van 'n voordeel in terme van die Polis op 'n nuwe groep WERKNEMERS van toepassing word of indien sodanige versekering vir 'n groep WERKNEMERS gekanselleer word, mag SANLAM, ondanks 'n strydige bepaling, onmiddellik aanpassings in die basis van berekening van die premietariewe maak. Hierdie aanpassings mag net in die mate gemaak word wat na SANLAM se mening deur die verandering in die groepe versekerde WERKNEMERS genoodsaak word.

6.8(4) Indien die KERK 'n tussenganger aanstel om dienste in verband met hierdie Polis aan die KERK te lewer, mag SANLAM die premietariewe onmiddellik wysig in verhouding tot enige kommissie of fooie wat aan die tussenganger betaalbaar is.

6.8(5) Indien die Polis gewysig word met betrekking tot die voordele wat kragtens die Polis betaalbaar is, is die wysiging, tensy uitdruklik anders bepaal, nie van toepassing nie op voordele in verband waarmee eise op die wysigingsdatum reeds ontstaan het.

6.9 Owerheidsmaatreëls

Indien die owerheid maatreëls tref wat 'n finansiële uitwerking het op die bedryf waarmee hierdie Polis verband hou, mag SANLAM, ondanks enige strydige bepaling, met ingang van die datum waarop die maatreëls in werking tree, aanpassings in die bepalings van die Polis maak wat met die omvang van die maatreëls verband hou.

6.10 Kennisgewings deur of aan die partye

Vir doeleindes van die Polis word enige kennisgewing wat SANLAM rig aan die persoon of instansie wat van tyd tot tyd deur die KERK aangewys is om namens die KERK met SANLAM sake te doen, geag aan die KERK gerig te wees. En enige kennisgewing of instruksie wat aan SANLAM gerig word deur iemand wat voorgee om namens die KERK op te tree, word geag deur die KERK gerig te wees.

6.11 Toetrede van deelnemende werkgewers

6.11(1) Deelname aan die Polis van 'n nuwe WERKGEWER en sy WERKNEMERS is onderworpe aan die toestemming van die KERK en SANLAM en ook aan enige spesiale bepalings soos ooreengekom deur die KERK en SANLAM in verband met daardie WERKGEWER en sy WERKNEMERS.

6.11(2) 'n WERKNEMER wat in die diens van 'n nuwe deelnemende WERKGEWER was voor die datum waarop die WERKGEWER aan die Polis begin deelneem het, en ononderbroke in diens van die WERKGEWER gebly het, mag, onderworpe aan die voorgaande sub-klousule, op of na die datum waarop sy/haar KWALIFISERENDE GADE vir die versekering kwalifiseer, die KWALIFISERENDE GADE laat verseker deur daarom aansoek te doen. Indien 'n WERKNEMER aansoek doen vir sodanige versekering meer as drie maande na die datum van kwalifisering, verval sy/haar reg om sy/haar KWALIFISERENDE GADE te laat verseker indien die KWALIFISERENDE GADE nie bewys van goeie gesondheid tot tevredenheid van SANLAM lewer nie.

6.12 Kansellering en beëindiging van die Polis

6.12(1) Die KERK of SANLAM kan die Polis te eniger tyd met twee MAANDE skriftelike kennisgewing aan die ander party kanselleer.

6.12(2) Enige WERKGEWER kan sy deelname te eniger tyd met twee MAANDE skriftelike kennisgewing aan SANLAM kanselleer.

6.12(3) Indien 'n WERKGEWER ophou om sake te doen, word die deel van die Polis wat op daardie WERKGEWER betrekking het, geag gekanselleer te wees met ingang van die datum waarop die WERKGEWER aldus ophou.

6.12(4) SANLAM mag die Polis of die deel van die Polis wat op 'n WERKGEWER betrekking het, kanselleer indien 'n verpligting teenoor SANLAM kragtens die Polis nie nagekom word nie.

6.13 Rente op laat betalings

6.13(1) Nieteenstaande enige strydige bepaling, moet SANLAM enige voordeel wat kragtens die Polis by sterfte betaalbaar is binne tien werksdae na die datum waarop die laaste ondersteunende eisdokumente deur SANLAM ontvang is, betaal. Indien SANLAM nie 'n voordeel binne die bedoelde tydperk betaal nie en SANLAM vir die vertraging verantwoordelik is, word rente deur SANLAM betaal vanaf die einde van hierdie tydperk.

6.13(2) Die rente wat kragtens die voorgaande subklousule betaalbaar is, is teen 'n rentekoers wat van tyd tot tyd deur SANLAM bepaal word, met inagneming van heersende geldmark rentekoerse en enige ander faktore wat SANLAM as toepaslik mag ag.

6.14 Gebiedsbeperkings

6.14(1) Die versekering wat kragtens die Polis ten opsigte van 'n KWALIFISERENDE GADE voorsien word is van toepassing terwyl hy/sy fisies in die Republiek van Suid-Afrika teenwoordig is. Indien die KWALIFISERENDE GADE fisies buite die Republiek van Suid-Afrika is, bly die versekering vir 'n maksimum tydperk van ses MAANDE ten opsigte van hom/haar van toepassing. Dit is nie nodig om SANLAM van 'n KWALIFISERENDE GADE in te lig wat fisies vir 'n ononderbroke tydperk van ses MAANDE of minder buite die Republiek van Suid-Afrika is nie.

6.14(2) Aan die einde van die tydperk van ses MAANDE waarna in subklousule (1) verwys word en aan die einde van elke tydperk van twaalf MAANDE daarna, mag die WERKGEWER vir SANLAM skriftelik versoek om die tydperk van versekering te verleng en SANLAM sal die WERKGEWER skriftelik van sy besluit in hierdie verband in kennis stel en of enige addisionele voorwaardes ten opsigte van die KWALIFISERENDE GADE van toepassing sal wees. Die WERKGEWER moet vir SANLAM van die volgende ten opsigte van die KWALIFISERENDE GADE voorsien:

(a) Die land waarin die KWALIFISERENDE GADE fisies teenwoordig is.

(b) Die verwagte tydperk van verblyf in die betrokke land.